

Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 9

> *Almal wat aan ’n wedstryd deelneem, ontsê hulleself allerlei dinge. Hulle doen dit om ’n verganklike oorwinnaarskroon te verkry, maar ons ’n onverganklike. (1 Kor 9:25)*

Die Isthmiese Spele is elke twee jaar in Korinte gehou; daarom

het die Korintiese lesers die beeld van ’n atleet (vers 24-27) goed verstaan. Die oorwinnaarskroon (vers 25) wat die wenner ontvang het, was inderdaad verganklik; dit was van dennenaalde gemaak. En tog het die deelnemers ’n moordende oefenprogram gevolg, want daar was baie prestige by betrokke.
Vir die gelowige is die oorwinnaarskroon die ewige lewe. Dit val nie in jou skoot bloot omdat jy op ’n dag “ja” gesê het vir die Here nie (Matt 7:21). Jy moet elke dag voluit aan die wedloop van die lewe deelneem (vers 24b). Dit is presies wat hyself doen, sê Paulus. Hy oefen sodat hy geestelik fiks kan wees, gereed om ander gelowiges in ag te neem (vers 22) en elke versoeking en uitdaging die hoof te bied; so anders as wat die skrifgeleerdes en Fariseërs gedoen het (Matt 23:13; vgl ook Jak 3:1).
Elke dag getrou wees sodat ons ander tot die stryd kan oproep (vers 27) – die mense om jou, jou gesin, jou kollegas, jou vriende en bure. End-uit volhard (Heb 3:14)!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026